

## **KVSA ESSAY**

Die studente-essay wat as die beste beoordeel word uit dié wat voor 30 November in die voorafgaande jaar vir beoordeling voorgelê word, word jaarliks in *Akroterion* gepubliseer as die *KVSA / CASA Essay*. Die kompetisie word geborg deur die *Klassieke Vereniging van Suid-Afrika* en alle voorgraadse studente mag deelneem. Honneurstudente mag in gelykenommerde jare inskryf. Die wenner ontvang 'n prys van R500.

## **EURIPIDES SE MEDEA**

*(M Graf, Antieke Kulture 3, Universiteit van Stellenbosch)*

### *Inleiding*

Hierdie tragedie dateer uit 431 v.C. Euripides het, soos Aeschylus en Sophocles, dramas geskryf vir die Stad Dionisia. Sy dramas is tydens sy leeftyd nie so goed ontvang nie, omdat hy die klem anders laat val het as waaraan die manlike gehoor in Athene gewoond was. Die bedoeling van die outeur wat hier bespreek sal word, was waarskynlik die rede daarvoor. Hierdie analise sal die funksie van kreatiewe aanpassings aan die mite bespreek. Vervolgens sal daar gekyk word hoe Euripides se strukturering van die rolomkering die twee hoofkarakters teenoor mekaar opstel. Laastens sal daar gekonsentreer word op die wyse waarop Euripides die motief van kindermoord dwarsdeur die tragedie ontwikkel. Die beperkte omvang van hierdie opstel laat nie toe dat die groot rol wat die koor speel, bespreek kan word nie.

### *Die Medea en die mite*

Dit is bekend dat Griekse dramaturge die mites kreatief aangepas het (Harris & Platzner 2004:538). Om die vernuwings meer oortuigend te maak, het hulle dit laat aansluit by mitiese gebeure en fragmente uit vorige bronne. Die verwysing in die *Medea* na die Goue Vag, die dood van Pelias en die vooruitverwysing na Medea se verblyf in Athene, plaas die gebeure in die raamwerk van die tradisie. Net so demonstreer die toekomstige kultuspraktyk van Hera Akraia aan die gehoor dat daar verbintenisse met hulle bekende leefwêreld bestaan.

Dit is nie moontlik om presies vas te stel watter veranderinge aan die mite deur Euripides aangebring is nie, maar die volgende vernuwings kan moontlik aan hom toegeskryf word: die prinses, die nuwe huwelik, die betrokkenheid van Aegeus, die manier waarop die prinses en Kreon vermoor is, die moord op die kinders en die vlug met die vlieënde koets (Mastrorade 2002:56-57). Dit is duidelik dat Euripides die kindermoord wou beklemtoon, of dit deel was van die oorspronklike mite of nie. Die leser kan aanneem dat geen besonderhede in die drama toeval is nie, maar doelbewus geselekteer of geskep is om die outeur se intensies oor te dra.

*Medea se karakter*

In die begin tree Medea op soos enige vrou sou optree in die omstandighede waarin sy haar bevind. Deur die koor weet ons dat sy gewild was in Korinte en dat sy by haar man gestaan het. Dit blyk dat sy lief is vir haar kinders en geweldig ly as gevolg van die verwerping deur haar man. Euripides teken haar as intelligente vrou wat weet dat vroue uitgelewer is aan hierdie soort situasie. Sy het die vroue van Korinte se simpatie en ondersteuning.

Die koor is onrustig oor Medea se moontlike reaksie. Dit berus op die reputasie wat sy met haar geskiedenis as helper van Jason verwerf het. Haar liefde vir hom het haar ongehoorde dinge laat doen, soos om haar broer te vermoor. Sy aanbid Hecate, aardgodin van die nag, uit Colchis. Sy is bekend met gifstowwe en die dodelike potensiaal daarvan. Hierdie aura van vreemdheid en onvoorspelbaarheid hang dus om Medea.

Die nuwe situasie ontsteek haar volle potensiaal vir heftige en ekstreme optrede. Jason en Kreon se arrogansie en ongevoeligheid het haar seer gemaak en verneder. Sy mobiliseer al haar vaardighede doelgerig en vasberade. As vrou bewerkstellig sy 'n moreel dominante outoriteit teenoor die gesagsposisie van die mans, want sy weet wat die goddelik bindende krag van Jason se eed is. Om haar sin te kry, manipuleer sy almal om haar en verkry mag oor Aegeus deur 'n eed van hom af te dwing. Sy neem wraak, want haar trots laat geen ruimte vir die leedvermaak van haar vyande nie.

“No, it was not to be that you should scorn my love,  
And pleasantly live your life through, laughing at me;”<sup>1</sup>

Ten opsigte van die prinses en Kreon is sy koelbloedig en geniet op 'n sadistiese manier om te hoor hoe hulle gesterf het. Euripides deurbreek die taboe van teaterkonvensie om hierdie primitiewe aspek van haar psige te skets. Haar wraak verskaf haar plesier, want sy is oortuig daarvan dat hulle dit oor hulleself gebring het. Net so is sy ook oortuig daarvan dat Jason haar geen ander keuse laat as om haar kinders dood te maak nie. Sy wroeg hieroor, maar soos die tipiese epiese held is daar vir haar geen kompromie nie, nie eers teenoor haar self nie.

*Jason*

Die outeur skets Jason se karakter deur sy eerste gesprek met Medea. Met retoriek, gestroop van enige betekenis met betrekking tot Medea se gevoelens, begin Jason sy gesprek met haar en gaan voort met tipies manlike neerbuigendheid:

“For with reasonable submission to our ruler’s will,  
You might have lived in this land and kept your home.” (437-438)

Eerstens ken hy haar sleg, want hy verwag hier van die verkeerde persoon onderdanigheid. Tweedens is dit hy wat haar haar tuiste ontnem. Hy is egter so geyk

---

<sup>1</sup> Fagels se vertaling.

in die manlike denkpatroon dat hy te stiksienig is om die groter geheel te begryp. Verder onderskat hy haar heeltemal as hy haar probeer oortuig van sy edele bedoelings. Jason leef nog met die waanvoorstelling dat hy haar met sy sogenaamde heldhaftigheid kan intimideer. As sy hom wys op haar aandeel aan sy status as held van die Argonaut, reduseer hy haar aandeel daarin en probeer haar skaam maak vir haar sogenaamde “barbaarse” herkoms. Daarteenoor stel hy Griekeland se beskaafde lewenswyse en die eer wat die nuwe vaderland aan haar betoon. Hy gaan voort met vermetelheid en ironie:

“For my part, rather than stores of gold in my house  
Or power to sing even sweeter songs than Orpheus,  
I’d choose the fate that made me a distinguished man.” (530-532)

Tog gebruik hy net ’n paar reëls later die argument dat hy trou om hulle finansiële omstandighede te verbeter:

“A man’s friends leave him stone-cold if he becomes poor.” (549)

Hy verlaat haar ook sonder om te blik of te bloos omdat die ander vrou hom toegang gee tot rykdom.

Dit is duidelik dat Jason sy heldestatus aan Medea te danke het. Daar is belangrike mense wat dit weet en Euripides gebruik dit om sy reputasie by die gehoor in twyfel te trek:

“I saved your life, and every Greek knows I saved it  
Who was a shipmate of yours aboard the Argo.” (464-465)

Dit is vir die held onmoontlik om haar aandeel aan sy sukses te erken en so skryf hy dit toe aan Cypris (Aphrodite). Aangesien hy geen ander argumente het nie, vul hy die gaping met sy uitspraak dat hy nie verder in besonderhede wil ingaan nie. Jason verkeer ook andersins in die duister as gevolg van sy grootheidswaan. Toe Medea hom vra om vir die kinders in te tree by die prinses, reken hy dat hy dit maklik sal regkry en ook dat Medea nie die geskenk hoef te stuur nie, want:

“If my wife considers me of any value,  
She will think more of me than money, I am sure of it.” (938-939)

Die boodskapper kom terug met die verslag dat die prinses eers positief op Jason se mooipraatjies gereageer het toe sy die rok sien. Dis duidelik dat Jason minder invloed op haar het as wat hy dink. Medea verstaan sy posisie in die nuwe verhouding beter as hyself.

Euripides kon nie ’n kaler jonker as hierdie Jason opstel teenoor Medea nie en sy weet dat hy net iemand is deur haar, deur die prinses en deur die kinders:

“There is no need to put on airs  
Of a clever speaker; for one word will lay you flat.” (572-573)

*Medea se posisie*

Die twee mans, Kreon en Jason, kom ooreen op 'n (vir hulle) wedersyds voordelige huwelik tussen die prinses en Jason. Daardeer sal nageslag vir die koning en 'n rooskleurige toekoms vir Jason verseker word nieteenstaande die feit dat Jason reeds getroud is en kinders het. Dit spreek vanself dat sy vrou nou in hulle pad sal wees. Euripides sou waarskynlik nie kon reken met die toeskouer se bewuste vergelyking van Menelaus se posisie met dié van Medea nie, maar die parallel met daardie situasie is voor die handliggend: die Grieke stuur eenduisend skepe en voer tien jaar lank teen geweldige verlies oorlog omdat Menelaus Helena verloor het. Die manlik-oorheersde samelewing sou egter bepaal dat Medea se optrede binne die perke van onderdanigheid moes bly. Die manier waarop die twee mans haar agterna aanspreek sonder selfs die basiese hoflikheid om te groet, demonstreer hierdie houding:

Kreon: "You, with that angry look, so set against your husband.  
Medea, I order you to leave my territories  
And not to waste time doing it." (269-2720)

Jason: "This is not the first occasion that I have noticed  
How hopeless it is to deal with a stubborn temper." (435:436)

Hulle draai die situasie om, om haar na die skuldige te laat lyk en omdat hulle met 'n vrou te doen het, doen hulle dit ook sonder enige vorm van selfkritiek. Afgesien van die vernedering om as persoon deur sulke ongeskiktheid gekrenk te word, ervaar sy ook verwerping en die verlies van al haar toekomsverwagtings vir haar gesin. Wat meer is, sy sien deur hulle planne.

Medea se verbanning tesame met die feit dat sy nie kan teruggaan na haar vaderland nie, vererger haar posisie. Sy kan nie teruggaan nie, want net soos wat Jason nou gebruik maak van 'n vrou om sy roem te verseker, het hy in Colchis en Iolcus van haar gebruik gemaak.

"For this is my position – hated by my friends  
At home, I have, in kindness to you, made enemies  
Of others whom there was no need to have injured." (494-496)

Selfs Aegeus, die man wat haar wel help, sien nie kans om Kreon en Jason openlik in die gesig te vat deur haar te help om in Athene te kom nie. Medea besef dus dat sy op haar eie vindingrykheid aangewese is. Niemand anders gaan vir haar in die bresse tree nie. Sy is egter oortuig daarvan dat sy die gode aan haar kant het.

Die koning wat saam met Jason hierdie krisis veroorsaak het, misbruik nou sy verhewe posisie en dreig haar (wat teen haar sin meegesleur word in die tragedie) selfs met die dood:

"But this I tell you,  
That if the light of heaven tomorrow shall see you,  
You and your children in the confines of my land,  
You die." (350)

Medea staan alleen in hierdie situasie teenoor die twee mans. Die koor wat wel begrip vir haar situasie het, is in 'n ondergeskikte posisie en nie in staat om haar te help nie.

“Oh, this is the end for me. I am utterly lost.  
Now I am in the full force of the storm of hate  
And have no harbor from the ruin to reach easily.” (275-277)

### *Die Rolomkering*

Dit is belangrik om die rolomkering te beklemtoon sodat die gehoor geen twyfel kan hê oor die teenoorstaande eksponente in hierdie konflik nie. Jason se eerste gesprek met Medea is die vertrekpunt vir die teenoorstelling. In hierdie konfrontasie is hy in die sterker posisie terwyl Medea die bo-toon voer in die laaste konfrontasie. Die rolomkering word benadruk deur die ooreenkoms in die struktuur van die twee gesprekke. Jason word nie oorspronklik as temperamenteel geskets nie en hy verlustig hom nie in Medea se teenspoed nie. Hy bly kalm en is oortuig van die voordele van sy keuse. As gevolg daarvan straal hy selfvertroue en meerderwaardigheid uit. In al twee die tonele word die gesprek begin deur die karakter wat meen dat hy/sy in beheer van die ander se lot is. (Jason 435-453; Medea 1291-1294). Daarna antwoord die lydende party op die eerste aanspraak (Medea 454; Jason 1297-1324). Hierdie argumente word nou deur die eerste spreker weerlê (Jason 510-566; Medea 1325-1334). Die konfrontasie gaan voort met 'n bitsige debat van kort spreukbeurte. Al twee passievolle tonele sluit af met 'n uitbarsting van die verloorder ná die ander een se vertrek. Dieselfde beledigings, aantygings en verklarings (dat die ander een 'n gruwel in die oë van die gode is), word ook in altwee tonele herhaal. Beide is spyt dat hulle mekaar ooit ontmoet het. Waar Medea haar aandeel aan sy status in die eerste argument uiteengesit het, sien Jason dit nou as stadiums in die ontwikkeling van sy ondergang. (Schlesinger 1983:299-300). Jason bedreig haar aan die einde van die eerste gesprek met “You are sure to suffer for it” (610) en Medea antwoord in haar oomblik van triomf met “Wait for the future.” (1370)

Euripides gebruik die goddelike koets om hierdie konfrontasie moontlik te maak, anders sou 'n finale gesprek tussen die twee met Medea in die dominante posisie, glad nie moontlik gewees het nie. Haar verbintenis met Helios maak hierdie ingryping van die gode aanvaarbaar (Schlesinger 1983:299).

### *Kindermoord in die mites*

In die Griekse mitologie was dit nie sonderling om kinders uit die weg te ruim nie. Dit begin reeds by die gode wat, wetende dat hulle onsterflik was, 'n nageslag ten alle koste wou vermy om die mag te behou. So het Uranus die geboorte van Gaia se kinders verhoed en Cronus sy kinders ingesluk.

Die sterflike, daarenteen, moes juis 'n nageslag hê om sy voortbestaan te verseker. Net soos by die gode, het dit nie gegaan om die kind self nie, maar in die eerste plek om die vader.

Jason, wat figureer as Griekse held, se woorde aan Medea in hulle eerste gesprek reflekteer waarskynlik die algemene gevoel van mans ten opsigte van vroue en kinders:

“You need no children.” (553)

Die Griek van die antieke tyd was waarskynlik bekend met die volgende moorde op kinders: Tantalus bedien sy kind Pelops se vleis aan die gode. Artemis en Apollo maak op twee ná al Niobe se kinders dood. Herakles vermoor sy kinders in ’n aanval van woede dood. Theseus stuur Hippolitus direk na sy dood. Agamemnon offer Iphigenie terwille van sy reputasie as hoof van die Griekse weermag en sy broer se beledigde ego. In die nag waarin Troje verwoes word, vermoor die Grieke Andromache se kind. Laios het sy kind se dood beplan deur hom hulpeloos bloot te stel in die wildernis. Atalanta word deur haar vader blootgestel omdat hy net seuns wou hê. Ook vroue vermoor hulle kinders. In die *Medea* self word verwys na Ino. Sophocles dramatiseer die mite van Procne in sy tragedie *Tereus* (Knox 1983:289). Sy is ’n Atheense prinses wat trou met Tereus, die koning van Trasië. Hy verkrag haar suster en sny haar tong uit om seker te maak dat sy nie daarvoor praat nie. Sy beeld die voorval uit op ’n stuk borduurwerk, Procne kom agter die waarheid en maak haar kind by Tereus dood.

Vir hierdie kindermoorde kon die Grieke baie redes vind. Dit is egter nie waarom dit hier gaan nie, maar om die feit dat kindermoorde ’n algemene verskynsel in mites en dramas was. Die feit dat Medea haar kinders vermoor, is dus glad nie so uitsonderlik nie.

### *Kindermoord in Medea*

Die ontwikkeling van hierdie motief begin reeds in die eerste toneel met die kinderoppasster se monoloog en in haar gesprek met die privaat onderwyser waarin daar gewaarsku word dat die kinders uit Medea se pad gehou moet word. Medea self spreek ’n vloek oor haar hele gesin uit waarby sy ook die kinders insluit. Euripides wek dus reg van die begin af die vrees dat daar op ’n ramp afgestuur word, hoewel die idee van kindermoord nog nie by Medea ontstaan het nie:

“I hate you,  
Children of a hateful mother. I curse you  
And your father. Let the whole house crash.” (113-114)

In haar gesprek met Kreon maak hy spontaan opmerkings waaruit sy kan aflei dat familie en kinders vir ’n man ook belangrik is. Dit gee haar die ingewing om die kinders as argument te gebruik om hom te manipuleer (Schlesinger 1983:305).

Jason, op sy beurt, maak dit duidelik dat hy Medea nie verlaat het omdat hy genoeg gehad het van haar nie, maar voer aan dat hulle voordeel daaruit sal trek as hulle kinders groot word as deel van die koningshuis. Euripides skep hier ’n kontras tussen Jason se toekomsverwagtings ten opsigte van die kinders en dié van Medea. Sy het haar voorgestel hoedat sy eendag by hulle troues betrokke sal wees en hoe hulle haar sal versorg as sy oud is en haar liefdevol ter ruste sal lê as die tyd kom.

Die gehoor kan hiervan aflei dat die dramaturg die twee perspektiewe teenoor mekaar wil opstel.

Hierna gebruik Euripides Aegeus se verskyning om die belang van kinders vir 'n man weereens te beklemtoon (Schlesinger 1983:308). Buiten hierdie aspek, word die drama ook voortgedryf deur Medea se belofte dat sy hom sal help om 'n nageslag te verseker. Hierdie verwickeling is heeltemal te versoen met die gehoor se idee van Medea as 'n vrou met buitengewone vaardighede. Verder pas die episode netjies in die mite van Aegeus se besoek aan die orakel oor sy kinderloosheid.

Na Kreon se vertrek, kondig Medea die eerste keer aan dat sy haar kinders gaan doodmaak. Sy weet hoe belangrik hulle vir Jason se status en die versekering van sy toekoms is. Nie net gaan sy haar eie kinders doodmaak nie, maar ook die prinses. Sy vermoor haar nie uit jaloesie nie, maar te om verhoed dat Jason by haar nageslag verwek (Schlesinger 1983:309). Haar plan is dus “[to ruin] the whole of Jason’s house.” (778)

Om haar wraak volkome af te rond, som Medea ten slotte die gebeure vir Jason op. Eerstens moet hy nie kla dat hy nie die liggame van sy seuns kan soen nie, want hy het hulle verwerp toe hy met die prinses getroud is. Tweedens voer sy aan dat hulle dood die gevolg is van sy optrede. Derdens dat hulle dood hom eers in die toekoms werklik gaan seermaak.

#### *Gevolgtrekking*

Die gehoor kan die kindermoord nie toeskryf aan Medea se sogenaamde barbaarse afkoms nie, want die moorde hierbo genoem is deur Grieke gepleeg. Dit is ook nie te wyte aan waansinnigheid soos in die geval van Ino nie, want Euripides beeld 'n Medea uit wat bewus is van wat sy doen:

“I know indeed what evil I intend to do,  
But stronger than all my afterthoughts is my fury,  
Fury that brings upon mortals the greatest evils.” (1051-1053)

Uit die tragedie blyk dit dat daar ander verdagtes by die moord betrokke was: Kreon kan nie net verantwoordelik gehou word vir sy dogter se dood nie, maar ook vir die moord op Medea se kinders. Eweneens beskuldig sy Jason:

“They died from a disease they caught from their father”. (1338)

Euripides se idees is bedoel vir die ore van sy manlike gehoor. Hierdie tragedie is die teenoorgestelde van die musiek wat daar by bankette vir hulle gemaak word. Dit vervul eerder die versugting van die kinderopvester:

“How to put to an end with their singing  
Or musical instruments grief,  
Bitter grief, from which death and disaster  
Cheat the hopes of a house. Yet how good  
If music could cure men of this!

Jason, as verpersoonliking van die manlike orde, dink sy geringskatting van die vrou tot sy logiese konsekwensie deur:

“It would have been better by far for men  
To have got their children in some other way, and women  
Not to have existed. Then life would have been good.” (561-563)

Die dramaturg gebruik Medea net om aan die rasonale Atheners voor te hou hoe gevaarlik hulle wêreldbeeld ten opsigte van vroue en kinders is. Ook Medea tree nie as oorwinnaar uit nie, al word haar karakterisering bevestig daardeur dat sy nie in vrees vlug nie, maar die toneel triomfantelik verlaat. (Schlesinger 1983:298).

Die gehoor word herinner aan daardie Dionisiese magte wat kan lei tot die vernietiging van die familie-orde én die staatsorde. Met die *Medea* demonstreer Euripides hoe hierdie magte ontketen word.

### **BIBLIOGRAFIE**

- Fagels, F A 2001. *Euripides' Medea*. In *The Wadsworth Anthology of Drama*. Worthen, W B (ed) 63-78. Boston: Thomson Wadsworth.
- Harris, S L and Platzner G 2004. *Classical Mythology. Images and Insights*. Boston: McGraw-Hill.
- Knox, B M W 1983. The *Medea* of Euripides. Segal, E. (ed) 1983. *Oxford Readings in Greek Tragedy*. Oxford: Oxford University Press.
- Mastrorade, D J (ed) 2002. *Euripides: Medea*. Cambridge, UK; New York: Cambridge University Press.
- Schlesinger, E 1983. On Euripides' *Medea*. Segal, E. (ed) 1983. *Oxford Readings in Greek Tragedy*. Oxford: Oxford University Press.